

VROULIKE STERILISASIE



Assosiasie vir Vrywillige
Sterilisasië van Suid-Afrika



Na die operasie

- ♀ Rus vir 'n dag of twee.
- ♀ Geen harde fisiese werk vir 'n paar dae nie.
- ♀ Gebruik 'n pynstiller soos parasetamol (nie aspirien nie), indien nodig.
- ♀ Rapporteer ernstige pyn, geswel of koors dadelik aan die kliniek/hospitaal.
- ♀ Sy behoort in staat te wees om normale oefening en seksuele aktiwiteite te hervat na ongeveer 'n week.
- ♀ Menstruasie sal soos normaal terugkeer wanneer die effek van die hormoon voorbehoedmiddels verdwyn.
- ♀ Die operasie van die vrou is onmiddellik effektief. (voorkom dadelik swangerskap)
- ♀ Geen metode word 100% gewaarborg nie. Selfs na sterilisasië is daar nog 'n klein risiko van swangerskap, maar buisafbinding is een van die mees betroubare voorbehoedmiddels vir vroue.

Sterilisasië voorkom swangerskap, maar nie infeksie met seksueel oordraagbare siektes, insluitend HIV/VIGS nie. As daar dus 'n risiko bestaan, gebruik 'n kondoom!

Wat kan 'n vrou doen om 'n swangerskap te verhoed totdat sy gesteriliseer is?

Vra jou dokter of gesinsbeplanning suster om raad vir 'n geskikte voorbehoedmetode, b.v. die Pil, Inspuiting of Intra-uteriene toestel.


Vra jou man om 'n kondoom te gebruik of om gemeenskap te staak tot na die operasie.

Alternatiewe Kontrasepsie

Alle vroue wat 'n sterilisasië oorweeg, moet bewus wees daarvan dat daar ander baie effektiewe langtermyn kontraseptiewe metodes is wat swangerskap net so effektief voorkom soos 'n sterilisasië.

Intra-uteriene Toestel (IUT)

Een so 'n metode is die koper-intra-uteriene toestel (IUT). Die koper IUT is 'n klein T-vormige apparaat wat in die vrou se uterus (baarmoeder) geplaas word deur die serviks (mond van die baarmoeder) om swangerskap te voorkom. Dit is effektief vir 10-12 jaar, waarna dit vervang moet word met 'n nuwe apparaat. Dit is 'n veilige en omkeerbare metode van kontrasepsie, geskik vir die meeste vroue en is net so effektief soos sterilisasië.



- ♀ *Vra by jou naaste kliniek of dokter vir meer inligting.* ♀

Sterilisasië is dalk nie nou vir jou die regte keuse nie omdat jy:

- Nie gesond genoeg is vir 'n operasie nie.
- Te jonk of te oud is vir sterilisasië.
- Nog nie seker is of jy dalk in die toekoms nog 'n kind wil hê nie.
- Onder druk voel om 'n besluit te maak.

KLEINER GESINNE

GROTER
TOEKOMSPLANNE

Wat is vroulike sterilisasie?

Buisafbinding of buisblokkasie is die permanente chirurgiese metode van vroulike voorbehoeding.

Dit is 'n eenvoudige operasie waar die chirurg die fallopius-buise (vrouebuise), wat die eiers van die eierstokke na die baarmoeder dra, afsluit.

Wanneer die buise afgesluit is, kan die man se saad nie deurswem om die vrou se eier te ontmoet en te bevrug nie. Op hierdie manier word swangerskap verhoed.

Buisafbinding is 'n klein, veilige en eenvoudige operasie wat onder plaaslike of algemene narkose gedoen kan word, afhangende van omstandighede.

Geen organe word verwyder nie en dit is nie dieselfde as 'n histerektomie nie - slegs die buise word afgesluit.

Die eierstokke bly heel en gaan voort om vroulike hormone, wat aan 'n vrou haar normale vroulikheid en seksdrang gee, te produseer.

Die baarmoeder word gelaat en gevolglik sal die maandstonde voortgaan tot op die ouderdom wanneer dit natuurlik sal ophou. Dit maak geen verskil aan seksuele omgang nie.

Waarom verkies 'n vrou sterilisasie?

- ♀ Sy en haar man het reeds hul gesin voltooi.
- ♀ Sy en haar man wil geen ander voorbehoeding gebruik nie.
- ♀ Sy wil seks geniet sonder vrees vir 'n ongewenste swangerskap.
- ♀ Wanneer nog 'n swangerskap 'n risiko sal plaas op die gesondheid van die vrou of die baba.

*Kry net die kinders
wat jy kan bekostig*

Hoe word die operasie gedoen?

Die chirurg gebruik of 'n inspuiting vir plaaslike verdoving om pyn te verhoed of 'n algemene narkose wat die pasiënt sal laat slaap.


Die buise kan deur een of twee klein insnydings in die buik bereik word met die gebruik van 'n instrument soortgelyk aan 'n teleskoop, met 'n lig aan die voorpunt om die buise te identifiseer.

Ringe of klemme word aangesit wat die buise aan beide kante afsluit. Een of twee self-oplosbare steke word gebruik om die vel te heg. Dit word 'n laparoskopiese sterilisasie genoem.

Soms verkies die chirurg 'n direkte benadering tot die buise deur slegs een effens groter insnyding te maak - dit word mini-laparotomie genoem. Die buise word dan op dieselfde manier met klemme of ringe gesluit. Hierdie metode word gewoonlik verkies as die vrou oorgewig is of wanneer sy reeds tevore 'n buikoperasie ondergaan het.

As die operasie kort na die geboorte van haar baba uitgevoer word, word die buise net deurgesny en afgebind.

Die vrou mag op dieselfde dag ontslaan word of oornag in die hospitaal om te herstel.



Wanneer kan 'n vrou gesteriliseer word?

Wanneer sy en haar man reeds hul gesin voltooi het en wanneer hulle gereed voel vir permanente voorbehoeding.

Baie vroue verkies sterilisasie na die geboorte van hul laaste baba terwyl hulle nog in die hospitaal is.

Hierdie besluit moet sorgvuldig gedurende die swangerskap oorweeg word en nie tot die laaste oomblik uitgestel word nie.

Waar kan 'n vrou gaan wanneer sy gesteriliseer wil word?

Doen navraag by die plaaslike kliniek vir verwysing na die naaste sterilisasiediens, of gesels met jou dokter of ginekoloog.

Die operasie is gratis beskikbaar by sommige staatshospitale in Suid-Afrika.

ONTHOU!

Sterilisasie moet as permanent en onomkeerbaar beskou word. Jy moet dus absoluut seker wees omtrent jou besluit.

AVSSA

Ph: 0861-000-332

Whatsapp: 072-180-3130

Email: eddie@avssa.org.za

